

saam-praat-papier 10 Mei 2015

# Ma's het die heel beste Helper!

Gal 5:16-6:1

Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. (17) Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. (18) Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. (19) Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, (20) afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, (21) afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. (22) Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, (23) nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. (24) Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. (25) Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. …. Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom.

**MA'S HET DIE HEEL BESTE HELPER**


1 Die Gees in ons, is die beste (vs 25)

2 Die Gees gee beter begeertes (vss 15-17)

3 Die Gees werk beter as wette (vs 18)

4 Die Gees bring die beste in ons uit (vss 20-22)

5 Die Gees maak van ons beter helpers ( 6:1)



PRAAT-SAAM:



1 Waarom beleef meeste ma's (en pa's) hul taak as uiters moeilik ?

2 Watter van die bo-staande 5 punte bemoedig jou die meeste? Waarom?

3 Vir watter van die bogenoemde sake wil jy die Gees meer vertrou en jou lewe meer oop stel om in jou lewe te doen?

NOTAS:

- 
- 
- 